1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

ONS SOEK WYSHEID

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

**Algemene navrae/ General enquiries:**
**navrae@daniemalan.co.za**
**Vrystellings/ Exemptions:**
**finansies2@daniemalan.co.za**
**Hoof/ Principal:**
**hoof@daniemalan.co.za**

**Akademie/ Academic:**
**hbloem58@gmail.com**
**Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:**
**ontvangs@daniemalan.co.za**
**Finansies / Finances :**
**finansies@daniemalan.co.za**
**Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:**
**fventer@daniemalan.co.za**

# OMSENDBRIEF 15 – 4 Mei 2015

**Geagte ouers**

**PERSONEEL:**

Mev. Charmaine de Witt verjaar op 5 Mei. Baie geluk. Mev. Yolanda Bester is aanngestel in me. Magda Els se plek in Graad 1/A5. Ons wens haar alle voorspoed toe en glo dat sy vinnig gaan aanpas by ons skool.

**DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2015**

| | |
|---|---|
| 5 Mei | Netbal teen Tuine tuis |
| 6 Mei | Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer |
| 7 Mei | Rugbyliga teen Mayville (tuis)<br>Netbal teen Orchards tuis |
| 8 Mei | **DA INNIE NOORDE KARNAVAL<br>GASKUNSTENAAR: ELVIS BLUE<br>SKOOL KOM 11:00 UIT.<br>11:30 NETBALUITDAGING TUSSEN PERSONEEL VAN PRETORIA-NOORD EN DANIE MALAN** |
| 9 Mei | Mini Netbaldag – leiers help die dag<br>Bulletjie Rugby – Loftusdag |
| 11 – 15 Mei | **EKSAMEN: ENG EN AFR VRAESTEL 1 (MONDELING)** |
| 11 Mei | Sokker teen L/s Riviera (tuis)<br>Netbal teen Theresapark. Let wel – die datum het geskuif, aangesien die skool nie buitemuurse aktiwiteite op Hemelvaart 14 Mei beoefen nie. |
| 12 Mei | Netbal teen Rosslyn tuis |
| 13 Mei | Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer<br>Krieketproewe O/9 |
| 14 Mei | HEMELVAART |
| 16 Mei | Bulletjie Rugbydag Gerriefees |
| 18 Mei | Sokker teen L/s Gen. Nicolaas Smit (tuis) |
| 19 Mei | **EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 2 (CREATIVE WRITING)** Malanne Deuntjies/Junior Jolyt / Koor<br>Staatsteater oudisies in skooltyd |
| 20 Mei | Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer<br>Krieketproewe O/11 |
| 21 Mei | **EKSAMEN: AFRIKAANS VRAESTEL 2 (KREATIEWE SKRYF)**<br>Rugbyliga @ Tuine (tuis) |
| 23 Mei | Bulletjie rugby by Theresapark |
| 25 Mei | Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop Kunstefees<br>Sokker @ L/s Gen. Beyers (tuis) |
| 26 Mei | **EKSAMEN: PSW GR. 4 – 7**<br>Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Kunstefees |
| 27 Mei | Skaakliga 14:00 – 16:00 by Rachel de Beer<br>Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop kunstefees.<br>Krieketproewe O/10 |
| 28 Mei | **EKSAMEN: ENGELS VRAESTEL 3 (LANGUAGE AND COMPREHENSION)**<br>Rugbyliga teen Hermanstad (weg)<br>Malanne Deuntjies en Junior Jolyt Hartklop kunstefees |
| 29 Mei | Netbal Distrikuitspele O/12 & 13 |
| 30 Mei | Netbal Distrikuitspele O/12 & 13 Bulletjie Rugby Boerefort |
| 1 Junie | **EKSAMEN: WISKUNDE**<br>Sokker L/s Eben Swemmer (weg)<br>Malanne Deuntjies & Junior Jolyt Revue aand |
| 3 Junie | **EKSAMEN: KUNS EN KULTUUR**<br>Krieketproewe O/10 |
| 4 Junie | Rugbyliga teen Magalieskruin (weg) |
| 5 Junie | **EKSAMEN: NW/TEGN & GR. 7 NW** |
| 6 Junie | **Bulletjie rugbydag by Danie Malan** |
| 8 Junie | **EKSAMEN: AARDRYKSKUNDE**<br>Sokker L/s Voortrekker Eeufees (weg) |
| 10 Junie | **EKSAMEN: EBW GR. 7**<br>Krieketproewe O/13 |
| 11 Junie | Rugbyliga laaste wedstryde teen Die Poort (weg) |
| 12 Junie | **EKSAMEN: AFR. VRAESTEL 3 (TAAL EN BEGRIP)** |
| 15 Junie | **SKOOLVAKANSIEDAG** |
| 16 Junie | **JEUGDAG** |
| 17 Junie | **EKSAMEN: GESKIEDENIS** |
| 19 Junie | **EKSAMEN: TEGNOLOGIE GR. 7** |
| 20 Junie | **GRAAD R OPEDAG 08:30<br>GRAAD 1 OPEDAG 10:00** |
| 22 Junie | **Grondslagfase rapporte uit** |
| 23 Junie | **GSF – Oueraand** |
| 26 Junie | **SKOOL SLUIT** ***Markdag Graad 6***<br>**BETAAL R5 VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE** |

**PERSONEEL NETBALWEDSTRYD 8 MEI 2015:**

Op 8 Mei kom die skool om 11:00 uit. Leerlinge kan dan saam met hul ouers na Pretoria-Noord gaan. ‘n Netbalwedstryd tussen die onderwysers van PNHS en DM sal om 11:30 plaasvind by hoërskool Pretoria-Noord. Die kinders moet asseblief hul onderwysers kom aanmoedig. Die leerlinge mag daar bly tot en met 16:00 en die Mallemeule ondersteun. Geen leerling sal deur die skool na Pretoria-Noord vervoer word nie. Daar is ook geen toesig deur personeel by Pretoria-Noord hoërskool van 11:30 nie. Die personeel van die Mallemeule hou toesig en ouers is welkom om saam met hul kinders dit te geniet.

**DA INNIE NOORDE KARNAVAL:**
**DATUM: 8 MEI**

**GASKUNSTENAAR: ELVIS BLUE**
**KAARTJIES: R90 per persoon en R50 vir alle kinders 0/10**
ONDERSTEUN ONS ASSEBLIEF EN KOM WOON DIE AAND BY. Ons vra dat elke ouer ten minste sal probeer om twee kaartjies te verkoop en een blou boekie.

**Elvis Blue kaartjies:**
**- Meeste kaartjies: R1 000,00 (Ten minste 12 kaartjies)**
**-2de meeste : R750,00**
**-3de meeste : R500,00**

**ONBEKENDE DEPOSITO'S:**

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

| Datum | Verwysing | Bedrag |
|---|---|---|
| 2015/02/27 | JM Kostello | R406,79 |
| 2015/03/16 | Nlapho | R700 |
| 2015/04/10 | Betal 10024000633453 | R434 |

**RUGBY:**

Dinsdag 28 April het ons teen Laerskool Voorpos gespeel. Baie geluk aan die volgende spanne wat gewen het:
0/11 A wen 19-7
0/13 B wen 14-7
0/13 A wen 21-7
Baie geluk aan die spanne en hul afrigters.

**OUERS WAT VOOR KLASSE WAG:**

Graad 1-3 ouers mag nie na skool voor hul kinders se klasse vir hul wag nie voor die klok gelui het nie. Dit is steurend. U samewerking word waardeer.

**PUNTDIENSBEAMPTES:**

Ons benodig nog twee persone om puntdiens te doen by die kruisings om die skool teen vergoeding.
Punt 3: By oorgang in Koos de La Reystraat
Punt 4: By oorgang by van Riebeeckpark
Die tye is soos volg:
Sessie 1 Oggende: Van 06:30 – 08:15 (1 uur 45 minute)

---

**AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 15/2015**

**Ek, ______________________________ouer of voog van _______________________________ in Gr. ______/______ neem kennis van Omsendskrywe 15 van 2015.**
**Ek neem kennis dat die skool 8 Mei om 11:00 verdaag. JA/NEE**

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

**Algemene navrae/ General enquiries:**
**navrae@daniemalan.co.za**
**Vrystellings/ Exemptions:**
**finansies2@daniemalan.co.za**
**Hoof/ Principal:**
**hoof@daniemalan.co.za**

**Akademie/ Academic:**
**hbloem58@gmail.com**
**Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:**
**ontvangs@daniemalan.co.za**
**Finansies / Finances :**
**finansies@daniemalan.co.za**
**Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:**
**fventer@daniemalan.co.za**

# OMSENDBRIEF 14 – 28 APRIL 2015

Sessie 2 Middae: 13:00 – 14:30 (1 uur 30 minute)
Die skool kan R35 per sessie betaal. Die puntdiensbeamptes moet kinders help om veilig oor die straat te loop.

**TOP 10 AKADEMIESE PRESTEERDERS:**
Baie geluk aan die volgende leerders wat as Top Tien presteerders in hul Graad aangewys is na afloop van die eerste kwartaal se punte:

| **GRAAD 4** | | **GRAAD 5** | |
|---|---|---|---|
| Naam en van | % | Naam en van | % |
| Chanzél Hammond | **92.49** | Monika Vos | **93.05** |
| Samantha Jansen van Rensburg | **90.51** | Paule-Blondelle Bangue Bangue Elombo | **92.01** |
| Taryn Hayes | **90.38** | Timoné Manders | **90.61** |
| Megan Delport | **89.13** | Anke Bosch | **87.86** |
| Katia La Grange | **88.42** | Jean Smit | **84.85** |
| Unam Hewu | **88.32** | Juneane Pozyn | **84.61** |
| Kayla Jacobs | **87.61** | Keilana Mackay | **84.60** |
| Jessi Bedingfield | **87.54** | Ewald van der Wal | **83.24** |
| Jemma Els | **87.09** | Danie Conradie | **83.15** |
| Ntwenhle Ntombela | **86.20** | Charlene du Preez | **82.39** |
| **GRAAD 6** | | **GRAAD 7** | |
| Naam en van | % | Naam en van | % |
| Nashita Chowdhury | **92.62** | Charné Scholtz | **90.67** |
| Alexa Farrell | **91.92** | Carla Smith | **90.35** |
| Inge Müller | **90.27** | Kayla Krüger | **90.31** |
| Carla Geere | **89.32** | Karla Vos | **89.58** |
| Duné Liebenberg | **88.11** | Rozelle Hattingh | **88.80** |
| Londeka Ngwenya | **87.38** | Carla Bronkhorst | **86.78** |
| Christelle Samons | **87.32** | Hanno Pretorius | **86.63** |
| Anri Louw | **87.02** | Marco Botha | **86.31** |
| Marianca Muller | **86.42** | Jeandré van der Nest | **85.60** |
| Tinus Visagie | **86.26** | Xanthe van Loggerenberg | **85.14** |

**FORMELE ASSESSERING EN MID-JAAR EKSAMEN GEWIGSWAARDE:**
Dit is baie belangrik dat u kind baie hard leer vir die komende eksamen. Die halfjaar eksamen dra baie meer gewig as met ander toetsreekse. Ons gee graag vir u 'n uiteensetting van die gewigswaarde van klaswerk (formele assessering) teenoor die gewigswaarde van die eksamen.

| **GRAAD 4 – 6** | | | |
|---|---|---|---|
| **HALFJAAR EKSAMEN** | | **FORMELE ASSESSERING** | |
| Afrikaans | 50 | Afrikaans | 50 |
| Engels | 50 | Engels | 50 |
| Wiskunde | 50 | Wiskunde | 50 |
| NW/Teg Graad 4 | 80 | NW/Tegn Graad 4 | 20 |
| NW/Teg Graad 5-6 | 75 | NW Teg Graad 5-6 | 25 |
| SW | 50 | SW | 50 |
| **GRAAD 7** | | | |
| **HALFJAAR EKSAMEN** | | **FORMELE ASSESSERING** | |
| Afrikaans | 50 | Afrikaans | 50 |
| Engels | 50 | Engels | 50 |
| Wiskunde | 50 | Wiskunde | 50 |
| NW | 60 | NW/Tegn | 40 |
| SW | 60 | SW | 40 |
| Tegnologie | 70 | Tegnologie | 30 |
| EBW | 70 | EBW | 30 |
| Skeppende Kunste | 50 | Skeppende Kunste | 50 |
| LO/PSW | 70 | LO/PSW | 30 |

Geen kind sal by 'n oefening verskoon word om te gaan leer vir die eksamen nie. Ons het juis ons eksamenrooster mooi versprei, sodat die leerlinge steeds aan hul buitemuurse aktiwiteite kan deelneem. As u kind baie buitemuurse aktiwiteite het, moet hul net vroeër begin leer of afskaal.

**REKORD KOMPETISIE:**
Rozelle Hattingh se kunswerk is gekies vir die ekstra bylaag van die Rekord koerant wat gepubliseer gaan word. Baie geluk.

**VCSV:**
Alle leerders van Gr 3 tot 7 word uitgenooi om aan te sluit by die Verenigde Christen Studente Verening by ons skool.
Byeenkomste vind Maandagmiddae na skool in die Mediasentrum plaas van 14:00 tot 14:45. Daar is geen koste aan verbonde nie en leerders kry die geleentheid om God beter te leer ken deur middel van speletjies, liedjies, kompetisies, ens.

**KOOR:**
Die kooroefening van Maandag 11 Mei skuif na Donderdag 14 Mei as gevolg van netbalwedstryde. Daar is nie oefening op die 15de Mei nie. Op Maandag 18 Mei sal daar weer oefening wees. Op Dinsdag 19 Mei is die oudisie vir die Staatsteater..

**MNR. EN MEJ. DANIE MALAN:**
Die Mnr en Mej. Danie Malan word uitgestel na kwartaal 3 weens te min belangstelling.

**SKOOLKOERANT:**
Ons pragtige skoolkoerant, die ***Malan 'n Wales***, verskyn volgende week. Dit is weereens propvol nuus, foto's en grappies. Daar is ook 'n kompetisie waarmee u kind R 50 kan wen. Die koerant kos R2 en u is welkom om meer as 1 koerant te koop. In die verlede is die koerant gratis uitgegee – baie daarvan het dan in die asblik beland. Ons vra dus R2 om seker te maak dat ons dit gee aan persone wat dit graag sal wil hê. Baie dankie vir u ondersteuning. Die geld kan by die klasonderwyser betaal word.

**BEELD – KOMPETISIE:**
Die leerling wat die meeste intekenare vir Beeld kry wen 'n R 500, 00 koopbewys. Intekenvorms moet voor 8 Mei by die skool wees. As ons skool 50 vorms terug ontvang, kom ons in aanmerking vir die kontantprys van R 50 000, 00, sowel as R 5 000, 00 vir die klas wat die meeste ingebring het.

Groete

Hettie Smith

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof